ONS LESERS SÊ

Gort is gaar oor doom en mevrou

Die eskapades by die Parow-Noord NG gemeente het die kommentaar die afgelope week oorheers. Die kommentaar moes verkort word. Lees verder op die webwerf www.rapport.co.za onder die hofie *KaapRapport*.

Rowwe kerktwis

➔ Ds. George Rauch is 'n ongelooflike prediker en het 'n gawe om met mense van alle ouderdomme te bind. Hy het nog nooit weggesteek dat dit 'n tweede huwelik is en dat hy geskei is van sy eerste vrou nie. Dis net kwaadstokery. – Alida

➔ Hoe gaan dit met die kerkbywoning? Is die jong mense darem aktief? Is lidmate betrokke by Bybelstudiegroepe? Hoeveel geld, of tyd, gaan aan buitewerk of word 70% of meer gebruik om die gemeente te onderhou? Dié syfers vertel gewoonlik die storie van hoe goed dit gaan in 'n gemeente. – Estelle

Ds. George en mev. Estelle Rauch, predikantspaar van die NG kerk Parow-Noord.

➔ 'n Predikant met 'n gladde bek bring menige mense wat gered kon geword het tot by die poorte van die hel. Maar praat hy die waarheid Sondag van die preekstoel af of sê hy net wat julle graag wil hoor? Hy het sy vrou gewetenloos bedrieg, met sy sonde getrou en nou maai sy onder die susters met haar gif. Vergifnis beteken nie dat jy die persoon moet toelaat om voort te gaan met sy/haar sondes nie. – LoveJesus

➔ Waar is die ander lidmate se opinie wat seën uit George se bediening vind? Waar is die beriggewing van die pad wat met 'n klein groepie, wat die gemeentesake poog te beheer, geloop is en dat George nie een maal iemand in enige rigting gedwing of probeer manipuleer het nie? Is die verslaggewer bekend met die feit dat George nie aan die Afrikanerbond behoort nie? Is sy bekend met die *issues* waarom hy geskei het? – Chris Steyn

➔ Is die wil van die Vader dat ons uitstekende bedrieërs is, wat onmin saai in 'n liefdevolle gemeenskap? Pasop vir die wolwe in skaapklere! Jy (Chris) is duidelik 'n goedhartige mens net soos Alida en wil net vrede hê, maar teen watter prys?

➔ Die kerk in sy geheel is besig om te verval weens hul leuens en bindinge met uiterlike rituele handelings. Hoe kan 'n gewilde prediker die waarheid vervang? My God is 'n jaloerse God en deel homself nie met 'n gewilde mensgemaakte god (gewilde predikers) nie. Suid-Afrika moet nog op die harde manier leer om Abba Vader weer in sy hele wese te erken en ten volle te aanbid. Wat is die kerk se bydrae (% uit die rand) tot krankes, die ou mense en arm mense? – Frans

➔ Wat 'n klomp perdemis! 'n Predikant is mos eintlik maar net soos 'n assuransie-agent – hy teer op ander mense se vrees vir die dood. 'n *Power struggle* in die kerk (net toe mens dink jy't al als gehoor)! Wat het geword van aanbidding, eerbetoon ens.? Ou Simson kan gerus uit die dode opstaan en die gebou op hulle almal se koppe omtrek. – Chris Pretorius

➔ Dié is net 'n voorbeeld van verval in Afrikaner-geledere. Hierdie was vroeër jare 'n voorbeeld van 'n Godvresende gemeenskap waar kerk en skool 'n positiewe bydrae gelewer het om verskeie skrander individue te lewer wat 'n groot impak op die Suid-Afrikaanse samelewing gemaak het. – Jean Blaton

➔ Die kommentaar lewer die normale aantal werftrolle op wat net 'n seepkis soek om op te kom raas en blaas. Mens kry eintlik die idee dat daar individue in dié gemeente is wat met voorbedagte rade probeer om van hul predikant ontslae te raak en nou nie vreugde in die formele prosesse vind nie. Die gemeente moet selfondersoek doen oor hul eie motiewe en ingesteldheid tot die evangelie.

➔ Ek is al die afgelope 11 jaar 'n gas in die Rauchs se huis. As jy by daai huis instap, kry jy die lekkerste gevoel van samesyn, lag en gesels, vergifnis, tyd hê vir mekaar, om 'n tafel sit tot ounag met vriende en familie. Hulle twee is beste vriende, doen als saam, vul mekaar aan, leef met passie, praat en doen met vurigheid, geniet die mooi en die lekker van die lewe. Hulle is streng, regverdig, reguit, sonder pretensie. – Helette Loubser

➔ Ons is absoluut teleurgesteld dat die voorsitter van die kerkraad en sy lede nie met enige oorgawe geprobeer het om die gegriefdes en hul hatige gedagtes tot ander insigte te oortuig nie. Sterk leierskap het ontbreek. George, daar is hard geprobeer om jou kommentaar te kry, lyk dit my. Bly swyg, broer. Ons, die oorgrote meerderheid van die gemeente, weet van beter. – Fanus

Trein-advertensie



Transnet voer 'n veldtog teen mense wat spoorooorgange ignoreer. | BEELDMATERIAAL: TRANSNET

➔ Wat daardie dag op daardie spooroorgang gebeur het, gebeur daagliks nog. Veral met inwoners wat in die omgewing bly en daagliks die oorgang gebruik. Dis meer 'n opvoedingsproses om mense te leer om geduldig te wees as om nou hartseer en emosies aan te wakker. Tot 90% van oorgangsbotsings is deur mense van die omgewing, of deur mense wat die oorgang baie gereeld gebruik. Ek het nie veel simpatie met iemand wat probeer om die trein te uitoorlê nie. – Tokkie

➔ My 12-jarige dogter het my in die middel van die nag wakker gemaak – sy het 'n nagmerrie gehad van die advertensie! Ons het geen spooroorgange hier waar ons woon nie, maar dit maak 'n helse impak op kinders. My kind het gesê die treindrywer moet seker vir die res van sy lewe deur hel gaan en sy bid vir hom en vir sy familie. Ek ook, en vir die mense wat nie stop waar hulle moet stop nie. – Julia

Boere wil belasting weerhou

➔ Dié dreigemente moet uitgevoer word. Hulle sit byvoorbeeld met 'n distriksmunisipaliteit wat blatant anti-wit is. Dié munisipaliteit doen absoluut niks vir wit inwoners nie. Laasgenoemde is net daar om op te teer vir herverdeling van geld aan ander gemeenskappe. – Jean Blaton

---

➔ Stuur 'n SMS na 35714. Elke SMS kos R3.
➔ E-pos kaap@rapport.co.za.
➔ Lewer kommentaar op *Rapport* se webwerf, www.rapport.co.za, onder die hofie *KaapRapport*.

NUUS IN DIEPTE

Dilemmas van die lewe

Sowat 80 per week. Dis hoeveel aborsies by een provinsiale hospitaal in Kaapstad uitgevoer word. **Marlene Malan** het ondersoek ingestel na aborsie in die Wes-Kaap – vir sommige 'n desperate uitkoms, vir ander bloot 'n voorbehoedmiddel.

Die aborsie-kwessie

Koste van private aborsiedienste, soos geadverteer deur Marie Stopes

Net konsultasie	R200
Aborsie, tot 12 weke swanger, insluitende konsultasie, uitsluitende narkose	R1 860
Aborsie, 12 tot 14 weke, insluitende konsultasie, uitsluitende narkose	R2 140
Aborsie, 14 tot 16 weke, insluitende konsultasie, uitsluitende narkose	R2 280
Aborsie, 16 tot 18 weke, uitsluitende narkose	R2 560
Aborsie, 18 tot 20 weke, uitsluitende narkose	R2 920
Mediese aborsie (pil)	R900
Narkose	R750
Vasektomie (uitsluitende narkose)	R1 250

Aborsies in die Wes-Kaap

2007-'08	13 448
2008-'09	14 661
2009-'10	12 237
2010-'11 (April tot September 2010)	12 312

(Die statistieke vir 2010-'11 is net vir dié 6 maande gedoen)



Twee soorte aborsie:

Mediese prosedure (pil):
- Tot 9 weke; word toegedien in die teenwoordigheid van 'n verpleegster.

Chirurgiese prosedure:
- Tot 12 weke kan dit deur 'n geregistreerde verpleegster of geregistreerde vroedvrou uitgevoer word.
- Ná 12 weke: Uitgevoer deur 'n mediese dokter.



Uit die Wet op die Keuse van die Beëindiging van Swangerskap

- In Suid-Afrika kan enige vrou van enige ouderdom 'n aborsie ondergaan.
- Sy hoef geen redes te verskaf as sy minder as 13 weke swanger is nie.
- As sy tussen 13 en 20 weke swanger is, kan 'n vrou 'n aborsie kry (a) as haar eie fisieke of geestesgesondheid in gevaar is; (b) as die baba ernstige fisieke of geestesafwykings gaan hê; (c) as sy swanger is weens bloedskande; (d) as sy swanger is weens verkragting; (e) as sy daarvan oortuig is dat haar ekonomiese of sosiale status die beëindiging van die swangerskap regverdig.
- As sy meer as 20 weke swanger is, kan sy 'n aborsie kry net as haar lewe of dié van die fetus in gevaar is, of as daar die kans is op erge geboorteafwykings.
- Vyfde pica: 'n Vrou jonger as 18 sal aangeraai word om die saak met haar ouers te bespreek
- 'n Getroude vrou of een in 'n vaste verhouding sal aangeraai word om dit met haar maat te bespreek.
- Wanneer die vrou erge geestesafwykings het of vir 'n lang tyd bewusteloos was, word die toestemming van 'n maat (slegs as hy manlik is), ouer of voog vereis.

Grafika: MARLENE MALAN & THEUNS KRUGER

So drie jaar gelede, vertel 'n radioloog by 'n provinsiale hospitaal in Kaapstad, was die gemiddelde getal aborsies wat hier alleen gedoen is 30 per week.

In 2008 het dit opgeskuif na sowat 40. Die jaar daarna is van 50 fetusse per week ontslae geraak. Nou staan dié hospitaal op 80 per week: 16 babas per dag.

En dis nie almal eerstekeeraborsies, of jong meisies wat uit naïwiteit "in die moeilikheid" beland nie.

"Daar is dié wat herhaaldelik terugkom. Studente, skoolmeisies. Nou die dag het ons 'n jong meisie uit 'n gegoede buurt vir die vierde keer 'gedoen'.

"Toe ek haar vra hoekom moes ek hoor kondome is nie lekker nie en voorbehoedmiddels maak haar naar. Absorsie is dus vir haar die doeltreffendste voorbehoedmiddel."

In Guguletu, vertel me. Sally Hall, uitvoerende hoof van Right To Live, gebeur dieselfde.

"Hier's 'n kliniek waarheen die meisies herhaaldelik terugkom vir nog 'n aborsie – as blote voorbehoeding."

Die mediese personeel voel siek daaroor dat hulle dit moet doe, vertel die dokter, wat anoniem wil bly. "Dis week ná week dieselfde storie."

Einde Maart moet die amptelike aborsiesyfers van staats- en private hospitale volgens wet weer by die departement van gesondheid aangemeld word.

Dis egter een van die mees onvolledige statistieke in Suid-Afrika, sê Hall.

"Die Wes-Kaap is een van die provinsies wat nog redelik akkuraat is. In baie provinsies word dit al jare lank gebrekkig aangemeld. Eintlik het ons geen idee hoeveel aborsies werklik landwyd uitgevoer word nie. Maar 80 per week in een staatshospitaal klink realisties."

Volgens me. Laila Abass, woordvoerder van die Marie Stopes-aborsiekliniek in Kaapstad, is talle swangerskappe onbeplan. "En dan onwelkom, ongewens. Dis die eintlike rede vir aborsie. Sulke swangerskappe kan toegeskryf word aan mislukte of geen kontrasepsie, ouderdom, mishandeling, verkragting, gesondheidsredes, persoonlike omstandighede."

Aborsie as voorbehoeding is onwettig, sê die wet. Maar hoe bewys 'n mens dit?

"Daar is geen deeglike navorsing hieroor nie. Vanweë die vertroulikheidsklousule in die wet mag mense weier om hul korrekte name te gee; as hulle meer as een keer kom, is dit dus moeilik om hulle te identifiseer."

Me. Leana Burger, 'n Kaapstadse prokureur, sê: "Nêrens in die wet sien ek hospitale word verplig om herhaalde aborsies aan te meld nie."

Sedert 1997 is byna 'n miljoen wettige aborsies in Suid-Afrika uitgevoer; sowat 140 000 in die Wes-Kaap. Agterstraat- of onwettige aborsies, wat steeds plaasvind, is nie in berekening gebring nie.

Aborsies in Suid-Afrika is in 1999 gewettig, met die voorbehoud dit moet voor 20 weke van swangerskap uitgevoer word.

Volgens prof. Anton van Niekerk, direkteur van die sentrum vir toegepaste etiek aan die Universiteit van Stellenbosch, is die reg tot aborsie iets wat in die meeste liberale demokrasieë erken word.

"Voor 1996 het Suid-Afrika van die konserwatiefste wetgewing oor aborsie gehad.

"Van dié situasie het ons, met die aanvaarding van die Wet op die Keuse van die Beëindiging van Swangerskap van 1996, beweeg na een van die liberaalste aborsievoorsienings ter wêreld.

"Die wet maak aborsie op versoek tot op 20 weke van swangerskap de facto moontlik. Een van die vereistes wat tot op 20 weke geld, is bloot dat die vrou wat die aborsie versoek, moet kan aantoon sy word ekonomies benadeel deur die voortsetting van die swangerskap."

> "'n Fetus van 20 weke is onweerlegbaar 'n klein mensie. Oor nie te lank nie kan verwag word dat mediese tegnologie so 'n fetus buite die baarmoeder sou kon laat oorleef. Om dié rede wek die gemaklikheid waarmee die aborsiewet wel aborsies tot op 20 weke toelaat, tog kommer. Fetusse van 22 tot 24 weke word tans roetinegewys in Amerika deurgehaal – weliswaar teen baie hoë koste ($100 000, of meer as R700 000 per baba). So 'n baba moet gemiddeld 10 tot 12 weke in 'n hoësorg-eenheid deurbring waar die verhouding van pasiënt tot opgeleide suster 1:1 is."
>
> – Prof. Anton van Niekerk, direkteur van die sentrum vir toegepaste etiek aan die Universiteit van Stellenbosch

Vroue van enige ouderdom mag onder die nuwe wet só 'n aborsie versoek. Dit mag haar nie geweier word nie, al moet sy eers berading kry daarvoor.

Minderjarige meisies – met geen aanduiding van ouderdomsperk nie – hoef nie hul ouers van hul toestand in kennis te stel nie en die pa van die ongebore kind, indien bekend, hoef nie geraadpleeg te word nie.

"Aborsies word deesdae veral geregverdig op grond van die argument dat 'n vrou soewerein is oor haar liggaam en dat respek vir haar outonomie insluit sy het die reg om te besluit of sy 'n fetus in haar baarmoeder wil dra of nie."

Volgens Van Niekerk moet twee ander oorwegings van ons derdewêreldkonteks in ag geneem word: "Dis die namelose lyding wat agterstraataborsies veroorsaak en dat Suid-Afrika se vroeëre wetgewing sulke praktyke oënskynlik aangemoedig het.

"En dan is daar die uiters geringe kans op 'n sinvolle lewe vir die ongebore babas van duisende vroue in Suid-Afrika se swakste sosiaal-ekonomiese omstandighede."

'n Besoek aan die voorgeboorteklinieke bevestig een gewaarwording: Tienerswangerskappe onder die armstes van die armes neem toe.

"Dis eties soms 'n onhoudbaar moeilike kwessie. As die praktyk moreel beoordeel word, sou ek wou aanvoer die respek wat ons vir menslike lewe behoort te hê, moet ons versigtig maak vir 'n standpunt wat aborsie sonder meer, onder alle omstandighede, goedkeur.

"Dis nie moreel geregverdig om aborsie bloot as nog 'n vorm van voorbehoeding te sien of gebruik nie.

"Lewe is 'n belangrike waarde en verdien hoë respek. Dis egter terselfdertyd nie 'n absolute waarde nie en daar is ongetwyfeld omstandighede wat aborsies regverdig."

Abass sê aborsie is 'n sensitiewe en omstrede onderwerp.

"Dit gebeur al eeue lank. Om 'n swangerskap te beëindig, is nie maklik nie. Maar ons glo dis 'n vrou se reg om te kies hoe sy haar outonomie beheer. Baie vroue is verlig oor dié persoonlike keuse. Die meeste is egter uiters emosioneel."

Abass sê sy kan dit nie genoeg benadruk nie dat nié alle verpleegsters, vroedvroue en dokters 'n aborsie mag uitvoer nie. "Net geregistreerde mediese personeel wat geakkrediteerde opleiding vir die beëindiging van swangerskap ondergaan het, mag dit doen."

Moreel gesproke voel hy dis belangrik dat aborsies so vroeg moontlik in 'n swangerskap plaasvind – verkieslik voor ses weke, sê Van Niekerk.

"Voor dié stadium het die fetus se sentrale senuweestelsel nog nie ontwikkel nie. Dit impliseer dat die voorwaardes waaronder die fetus 'n waarnemende wese kan wees, en dus aanspraak maak op morele status, nog nie teenwoordig is nie."

Hall sê te midde van al dié etiese en regsvrae rakende aborsie staan één skokkende gewaarwording uit: "Dis dat duisende vroue die kwessie van MIV/vigs en ander oordraagbare siektes nie eens 'n tweede gedagte gee nie.

"Hulle redeneer dis maklik om in Suid-Afrika 'n aborsie te kry, maar toon min vrees vir seksueel uiters riskante gedrag."